



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2019

EKONOMIE V1

PUNTE: 150

TYD: 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord VIER vrae soos volg in die ANTWOORDEBOEK:
AFDELING A: VERPLIGTEND
AFDELING B: Beantwoord TWEE van die drie vrae.
AFDELING C: Beantwoord EEN van die twee vrae.
2. Beantwoord slegs die vereiste aantal vrae. Meer antwoorde as die vereiste aantal, sal NIE nagesien word NIE.
3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
4. Skryf die vraagnommer boaan elke antwoord neer.
5. Lees die vrae noukeurig deur.
6. Begin ELKE vraag op 'n NUWE bladsy.
7. Laat 2–3 reëls oop tussen onderafdelings van vrae.
8. Beantwoord vrae in volsinne en maak seker dat die formaat, inhoud en konteks van jou antwoorde aan die kognitiewe vlakke van die vrae voldoen.
9. Gebruik slegs swart of blou ink.
10. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
11. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A (VERPLIGTEND)**30 PUNTE – 20 MINUTE****VRAAG 1**

- 1.1 Verskeie opsies word as antwoorde tot die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die ooreenstemmende vraagnommer (1.1.1–1.1.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.1.9 D.

1.1.1 Korttermynbesparings en -lenings vorm deel van die ... mark.

- A faktor-
- B buitelandse valuta-
- C geld-
- D kapitaal-

1.1.2 Die ... kurwe weeg werkverskaffing op teen inflasie.

- A Laffer-
- B Lorenz-
- C Produksiemoontlikheids-
- D Phillips-

1.1.3 Die saldo op die Finansiële Rekening van die Betalingsbalans sluit ... uit.

- A reserve bates
- B netto finansiële afleiers
- C netto portfolio beleggings
- D netto ander beleggings

1.1.4 Die verbruiksbesteding van huishoudings en inkome van produsente word as ... vloei beskou.

- A geld
- B reële
- C kringloop
- D kapitaal

1.1.5 Die konsultasies van die Suid-Afrikaanse Reserwebank (SARB) om banke te oortuig om op 'n aanvaarbare manier op te tree, staan as ... bekend.

- A rentekoerse
- B morele oorreding
- C kontantreserwe vereiste
- D ope-mark transaksies

1.1.6 'n Ontwikkelingsbeleid wat saam met die Sektor Onderwys- en Opleidingsowerheid (SOOO/SETA) gebruik word, is die ...

- A Uitvoer-verwerkingsones (EPZ).
- B Gesamentlike Inisiatief vir Prioriteit Vaardighedeverkryging (JIPSA).
- C Heropbou- en Ontwikkelingsprogram (RDP).
- D Uitgebreide Openbare Werkeprogram (EPWP).

1.1.7 Die Department van Handel en Nywerheid het ... ingestel om nywerhede te help groei, deur die identifisering van sekere kruis-snydende kwessies en mededingende inset-sektore.

- A Ruimtelike Ontwikkelings Inisiatiewe (SDIs)
- B Spesiale Ekonomiese Sones (SEZs)
- C Strategies Geïntegreerde Projekte (SIPs)
- D Geïntegreerde Vervaardigingstrategie (IMS)

1.1.8 Waardevermindering van kapitaal as 'n metode om investering aan te moedig, staan as kapitaal ... bekend.

- A verbreding
- B verdieping
- C vorming
- D groei

(8 x 2) (16)

- 1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n begrip in KOLOM A pas. Skryf slegs die korrekte letter (A–I) langs die ooreenstemmende vraagnommer (1.2.1–1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld. 1.2.9 K.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Bestedingsmetode	A	totale verbod/embargo op sekere goedere van 'n sekere land
1.2.2	Reële sakesiklus	B	'n deurgang wat toegang van een gebied na 'n ander gebied verleen
1.2.3	Fisiese beheer	C	het 'n nuwe ondersteuningsprogram vir klere en tekstiele ontwikkel
1.2.4	Absolute voordeel	D	minister van Finansies lig Parlement in van enige veranderinge wat sedert Februarie plaasgevind het
1.2.5	Korridor	E	belangrike sosiale aanwyser
1.2.6	Nywerheidsbeleid Aksieplan	F	verkry wanneer die uitwerking van ongereelde gebeurtenisse en seisoene uit die tydreeks-data verwyder word
1.2.7	Mediumtermyn Begrotingsbeleid Verklaring	G	S+T+M
1.2.8	Kinder-wanvoeding	H	C+G+I+(X-M)
		I	een land kan goedere en dienste goedkoper as 'n ander produseer

(8 x 1) (8)

- 1.3 Gee EEN begrip/woord vir elk van die volgende omskrywings. Skryf slegs die begrip/woord langs die ooreenstemmende vraagnommer (1.3.1–1.3.6) neer. Afkortings, akronieme en voorbeelde sal NIE aanvaar word NIE.

- 1.3.1 'n Sienswyse wat verduidelik dat die onewewigtigheid tussen markte deur die verkeerde gebruik van beleide veroorsaak word
- 1.3.2 Die hoofbron van die regering se inkome
- 1.3.3 Geld wat ontvang word, sonder dat enige produktiewe dienste gelewer is
- 1.3.4 Styging in bevolkingsgetalle van stede en dorpe
- 1.3.5 Die koers waarteen die SARB geld aan banke leen, oor die korttermyn
- 1.3.6 Die teruggee van grond aan diegene wat dit verloor het as gevolg van diskriminerende wette van die verlede

(6 x 1) (6)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

Beantwoord TWEE van die drie vrae in hierdie afdeling in die ANTWOORDEBOEK.

VRAAG 2: MAKRO-EKONOMIE**40 PUNTE – 30 MINUTE**

2.1 Beantwoord die volgende vrae.

2.1.1 Noem enige TWEE lidlande van BRICS. (2 x 1) (2)

2.1.2 Hoekom is die BBP teen markprys gewoonlik hoër as die BBP teen faktorkoste? (1 x 2) (2)

2.2 Bestudeer die onderstaande inligting en beantwoord die vrae wat volg.

KEYNESIAANSE EKONOMIE

Die begrip van die **vermenigvuldiger**proses het belangrik geraak in die 1930's toe John Maynard Keynes dit voorgestel het as 'n instrument om regerings met besluitneming te help. Hierdie 'vraag-bestuur-benadering' is ontwerp om te help om die bedrag te meet wat benodig word om die hoogste moontlike vlakke van nasionale inkome te bereik.

Ontleders glo dat 'n toename in owerheidsbesteding oor die algemeen 'n **vermenigvuldigereffek** op ekonomiese groei het, terwyl die lewenspeil van die geaffekteerde mense en gemeenskappe opgehef word.

[Aangepas uit www.tutor2u.net]

2.2.1 Noem 'n voorbeeld van 'n lekkasie. (1)

2.2.2 Watter faktor beïnvloed die grootte van die vermenigvuldiger? (1)

2.2.3 Beskryf kortliks die term *vermenigvuldiger*. (2)

2.2.4 Verduidelik die uitwerking op nasionale inkome wanneer insputtings meer as lekkasies is. (2)

2.2.5 Veronderstel die Suid-Afrikaanse regering bestee R250 m in die ekonomie. Bereken die vermenigvuldigereffek as $mvg = 0,7$. Toon alle berekeninge. (4)

2.3 Bestudeer die onderstaande inligting en beantwoord die vrae wat volg.

AfCTA (Africa Continental Free Trade Area) is 'n beplande vryhandelgebied tussen 49 en 55 Afrika state. Dit sal die grootste in die wêreld wees in terme van deelnemende lande.



[Bron: TESFANEWS, 9 Februarie 2019]

2.3.1 Behalwe AfCTA, noem enige ander vryhandelsgebied in die wêreld. (1)

2.3.2 Watter handelsprotokol moedig die vestiging van 'n enkel-mark in Afrika aan? (1)

2.3.3 Beskryf kortliks die term *vryhandelsgebied*. (2)

2.3.4 Verduidelik kortliks die rol van die Wêreldhandelsorganisasie as deel van globalisasie. (2)

2.3.5 Hoe kan Afrika voordeel trek deur deel van 'n enkel-mark te wees? (2 x 2) (4)

2.4 Bespreek die *lengte* en *amplitude* van 'n sakesiklus. (4 x 2) (8)

2.5 Evalueer die uitwerking van 'n geldeenheid se depresiasie op 'n ekonomie. (8)
[40]

VRAAG 3: EKONOMIESE STREWES**40 PUNTE – 30 MINUTE**

3.1 Beantwoord die volgende vrae.

3.1.1 Noem TWEE vraagkant-beleide vir groei en ontwikkeling. (2 x 1) (2)

3.1.2 Hoe kan rentekoerse deur die Suid-Afrikaanse Reserwebank aangewend word om produksie van goedere en dienste te stimuleer? (1 x 2) (2)

3.2 Bestudeer die onderstaande spotprent en beantwoord die vrae wat volg.



3.2.1 Noem EEN voorbeeld van 'n land in die Noord-verdeel. (1)

3.2.2 Verskaf EEN kenmerk van die groep lande deur die 'Suid' voorgestel. (1)

3.2.3 Beskryf kortliks die term *globalisasie*. (2)

3.2.4 Kortliks verduidelik handel as 'n uitdaging van globalisasie. (2)

3.2.5 Hoe dra lande in die Noord-verdeel tot die vernietiging van die omgewing by? (4)

3.3 Bestudeer die onderstaande tabel en beantwoord die vrae wat volg.

BYDRAES TOT GROEI IN REËLE BBP (%)			
SEKTOR	2016	2017	2018
Primêre sektor	-0,6	0,7	-0,1
Sekondêre sektor	0,1	0,0	0,1
Tersiêre sektor	1,1	0,5	0,7
Groei in totale reële BBP	0,6	1,3	0,8

[Bron: SARB: Kwartaallikse Bulletin, Desember 2018]

- 3.3.1 Noem EEN kategorie in die sekondêre sektor. (1)
- 3.3.2 Wat is die neiging in die primêre sektor tussen 2017 en 2018? (1)
- 3.3.3 Omskryf kortliks die begrip *Bruto Binnelandse Produk*. (2)
- 3.3.4 Verduidelik die gebruik van per capita BBP-syfers. (2)
- 3.3.5 Hoe sal reële groei van 0,8% die ekonomie negatief beïnvloed? (4)
- 3.4 Bespreek kortliks die koste om sake te doen as 'n aanbodkant-benadering in die bevordering van groei en ontwikkeling in Suid-Afrika. (4 x 2) (8)
- 3.5 Hoe standaardiseer internasionale organisasies soos die Wêreldbank en die Verenigde Nasies die aanwysers van lidlande? (8)

[40]


VRAAG 4: MAKRO-EKONOMIE EN EKONOMIESE STREWES**40 PUNTE – 30 MINUTE**

4.1 Beantwoord die volgende vrae.

4.1.1 Noem TWEE soorte sakesiklusse. (2 x 1) (2)

4.1.2 Hoe kan KMMOs tot ekonomiese groei bydra? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer die onderstaande grafiek en beantwoord die vrae wat volg.



4.2.1 Identifiseer die vraagkurwe wat 'n daling in die vraag na dollars aantoon. (1)

4.2.2 Watter soort wisselkoersstelsel word tans in Suid-Afrika gebruik? (1)

4.2.3 Beskryf kortliks die term *devaluasie*. (2)

4.2.4 Verduidelik EEN faktor wat die vraag na die dollar kan beïnvloed. (2)

4.2.5 Wat is die uitwerking van die rand wanneer daar 'n daling in die vraag na dollars is? (4)

4.3 Lees die onderstaande inligting en beantwoord die vrae wat volg.



Die NOP het gevorder ten spyte van 'n kritiese verslag wat toon dat Suid-Afrika die meeste uitdagings van ongelyke samelewings het en in die armoede in die wêreld vasgevang is. Baie mense ervaar nog steeds lae **ekonomiese ontwikkeling**.

[Bron: *fin24*, 14 April 2018]

- 4.3.1 In watter jaar streef die NOP daarna om armoede te elimineer? (1)
- 4.3.2 Noem EEN manier hoe die regering armoede onder die kwesbare groepe in Suid-Afrika kan verlig. (1)
- 4.3.3 Beskryf kortliks die term *ekonomiese ontwikkeling*. (2)
- 4.3.4 Watter negatiewe uitwerking kan die NOP op belastingbetalers hê? (2)
- 4.3.5 Hoe sal die Suid-Afrikaanse ekonomie voordeel uit die implementering van die NOP trek? (2 x 2) (4)
- 4.4 Bespreek kortliks die demografiese aanwysers. (4 x 2) (8)
- 4.5 Hoe sal 'n styging in uitvoerpryse en invoerpryse die Suid-Afrikaanse ekonomie beïnvloed? (8)
- [40]**

TOTAAL AFDELING B: 80

AFDELING C

Beantwoord enige EEN vraag uit die TWEE vrae in die ANTWOORDEBOEK.

Jou antwoorde sal soos volg geassesseer word:

STRUKTUUR VAN DIE OPSTEL	PUNTE-TOEKENNING
Inleiding <ul style="list-style-type: none"> • 'n Goeie beginpunt is om 'n begrip of sleutelwoord te definieer wat in die vraag voorkom. • Sluit ander sinne in om die onderwerp te ondersteun. • Moenie enige deel van die vraag in jou inleiding insluit nie. • Moenie enige gedeelte van die inleiding in jou inhoud herhaal nie. • Vermoed dit om in die inleiding te sê wat jy in die inhoud gaan bespreek. 	Maks. 2
Inhoud: Hoofgedeelte: Bespreek in detail/In diepte bespreking/Ondersoek/ Bespreek krities/Ontleed/Vergelyk/Evalueer Onderskei/ Differensieer/Verduidelik/Assesseer/Debatteer	Maks. 26
Addisionele gedeelte: Eie opinie/Bespreek krities/Evalueer/Kritiese evaluasie/Teken 'n grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/ Bereken/Lei af/Vergelyk/ Onderskei/Interpreteer/Debatteer kortliks/Hoe?/Stel voor/Gebruik die inligting en argumenteer, debatteer, evalueer.	Maks. 10
Slot <ul style="list-style-type: none"> • Die slot is 'n opsomming van wat bespreek is in die inhoud en behoort 'n hoër orde antwoord te wees. • Die slot kan in die vorm wees van 'n eie opinie met voorbeelde om die bespreking te ondersteun of weersprekende siening van wat bespreek is. • Geen aspek van die inleiding of die inhoud mag in die slot ingesluit word nie. 	Maks. 2
TOTAAL	40

VRAAG 5: MAKRO EKONOMIE**40 PUNTE – 40 MINUTE**

Bespreek in detail hoe die volgende faktore tot swak openbaresektor voorsiening sal bydra:

- Gebrek aan aanspreeklikheid (10)
- Ondoeltreffendheid (8)
- Probleme met assessering van behoeftes (8) (26)

Stel oplossings voor oor hoe die doeltreffendheid van ondernemings in staatsbesit kan verbeter.

(10)
[40]

VRAAG 6: EKONOMIESE STREWES**40 PUNTE – 40 MINUTE**

Bespreek in detail die toepaslikheid van Suid-Afrika se streeksontwikkelings-beleide kragtens internasionale beste praktyk kriteria. (26)

Hoe suksesvol is die Suid-Afrikaanse regering ten opsigte van die bereik van doelwitte vir streeksontwikkeling? (10)

[40]**TOTAAL AFDELING C: 40****GROOTTOTAAL: 150**